„DIE AFSKEIDING ONDER WESSEL BADENHORST VAN DIE HERVORMDE GEMEENTE POTCHEFSTROOM IN 1853 EN DIE TOETREDE VAN HARTEBEESTFONTEIN AS 'N AFSONDERLIKE GEMEENTE VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK IN 1866"

deur

Ds. S. J. BOTHA

('n Verwerking van 'n gedeelte van my werk **Klerksdorp 1866-1966**, Uitgegee deur die Kerkraad van Klerksdorp, 1966).

As gevolg van verskillende remmende faktore is die totstandkoming van 'n behoorlike staatsvorm vir die Boererepubliek noord van die Vaalrivier gedurende die wordingsjare van die Republiek erg bemoeilik en het dit geruime tyd geduur voordat 'n behoorlike staatsvorm, wat by die pioniersomstandighede aangepas het, tot stand gebring is. [1]) Sommige van hierdie faktore wat die totstandkoming van 'n behoorlike staatsvorm bemoeilik het, soos onder andere die gebrek aan 'n saamhorigheidsgevoel, partyskappe ensomeer, het ook op Kerklike terrein hul bedroewende gevolge gehad waar dit meer as eenmaal voorgekom het dat mense, by die geringste ontevredenheid of botsing met die Kerklike organisasie of Kerklike leiers, sondermeer die sektariese weg van afskeiding bewandel het. Dit, nieteenstaande die feit dat die Nederlandse Geloofsbelydenis elkeen oproep om hom by die ware Kerk te voeg, om die enigheid van die Kerk te bewaar en om hulleself aan sy onderwys en tug te onderwerp. [2]) Die gevolg was dat die weg so berei is vir onkerkregtelike skeurings en afskeidings van kleiner en groter omvang, waarvan die bedroewende littekens tot vandag toe gesien kan word. Hoewel skeurings van groter omvang in 1859 en in 1866 in die Staatskerk plaasgevind het toe eers die Gereformeerde Kerk onder ds. Frans Lion Cachet van die Staatskerk afgeskei is, was daar egter reeds vroeër kleinere afskeidings van

[1]) Vgl. in hierdie verband bv. A. N. Pelzer, **Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, Deel 1: Wordingsjare**, Kaapstad-Amsterdam 1950, bls. 49vv.

[2]) Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel o.a.: Ons glo dat, . . . niemand. van watter rang of kwaliteit hy ookal mag wees, hom op homself behoort te hou en op sy eie persoon te staan nie, maar dat hulle almal verplig is om hulle daarby te voeg en daarmee te verenig, om die enigheid van die Kerk te bewaar, om hulself aan sy onderwys en tug te onderwerp . . .

die Staatskerk wat as wegbereiders gesien kan word veral vir die latere afskeidings van die Staatskerk onder Frans Lion Cachet. Een van die eerste kleinere afskeidings wat genoem kan word, is die een wat reeds so vroeg as 6 Junie 1853 onder diaken Wessel Badenhorst van die gemeente Potchefstroom plaasgevind het. [3]) Hoewel die getal van die afgeskeidenes gering was en hulle later weer almal in die Hervormde Kerkverband opgeneem is, is tog die kiem gelê vir die sukses wat Cachet ook later hier behaal het toe hy ook te Hartebeestfontein 'n gemeente van sy afgeskeie kerk gevestig het en 'n gedeelte van die Hartebeestfonteiners met hom saamgegaan het. Die grootste gedeelte van die gemeente het egter getrou gebly aan die Nederduitsch Hervormde Staatskerk as die afsonderlike gemeente van Hartebeestfontein en is later as gevolg van ander verwikkelinge vernoem tot die Nederduitsch Hervormde Gemeente Klerksdorp. [4])

Waar die Kerkskeuring in die Staatskerk onder Frans Lion Cachet met veel bitterheid gepaard gegaan het, was dit ook te Hartebeestfontein nie anders nie en het daar selfs in 1869 'n hofsaak gevolg waar geprosedeer is oor die Kerklike eiendomme. Die uitslag van hierdie hofsaak was ten gunste van die Nederduitsch Hervormde Gemeente. Tesame met ander oorwegings dien hierdie hofuitspraak as 'n duidelike bewys dat die opneming van Hartebeestfontein in Hervormde-kerkverband in 1866 wel wettig was en dat Cachet se bewering dat dit nie wettig was nie, en dus van nul en gener waarde nie, nie korrek is nie, maar dat dit inderdaad wel waar is dat Cachet te Hartebeestfontein ook Kerkskeuring bewerk het [5])

Om egter 'n beter begrip te kry van die hele probleem moet teruggegaan word en begin word by die afskeiding onder diaken Wessel Badenhorst in 1853.

---

[3]) 'n Tweede kleinere afskeiding, egter groter as die te Potchefstroom en waar 'n hele gemeente afgeskei is van die Staatskerk het in 1854 te Lydenburg plaasgevind. Vgl. hier A.D. Pont, **Die Vestiging van die Nederduitsch Hervormde Kerk in 1853 en die eerste afskeiding van Lydenburg in 1864 — Kerkregtelike Implikasies.**, Artikel in Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 20, Aflewering 3 en 4, bls. 149 tot 161.

[4]) Na 1866 het die Ned. Herv. Gemeente ook die gebied Klerksdorp ingesluit en toe die gemeente in 1882 'n kerkgebou te Klerksdorp gekry het, het die swaartepunt van die gemeente daarheen verskuif.

[5]) Vgl. Cachet se spottende houding in hierdie verband. G. B. A. Gerdener. **Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Transgariep,** Kaapstad 1930, bls. 338.

Die Tydperk 6 Junie 1853 tot 27 Februarie 1866.

Waar die Voortrekkers in Transvaal vir etlike jare sonder vrug probeer het om 'n eie predikant te kry, hetsy uit die Kaap of uit Holland, het dit uiteindelik gebeur dat prof. dr. U. G. Lauts, die kampvegter vir die Voortrekkers in Holland, daarin geslaag het om vir die Transvalers 'n eie predikant te kry in die persoon van prop. Dirk van der Hoff. Dit, nadat die Transvalers self aan 'n ultimatum : „of onder die Kaapse Sinode of geen predikant nie", toegegee het. Hierdie ultimatum is deur die derde deputasie uit die Kaapse Kerk wat die Transvalers in 1852 besoek het en bestaan het uit di. A. Murray (jnr.) en J. H. Neethling tot die Transvalers gerig.[6]) Hoewel die Transvalers tog toegegee het aan hierdie ultimatum, het hulle dit nie gewilliglik gedoen nie en het hulle dit as van hulle afgepers beskou.[7]) Dit is dus glad nie te verwonder dat die Transvalers uiteindelik tog die inlywing verwerp het nie.

Die feit dat die derde deputasie uit die Kaapse Kerk alles in hulle vermoë gedoen het om die Transvaalse gemeentes onder die Kaapse Kerk ingelyf te kry, onderstreep nogeens duidelik dat die Transvaalse Kerk 'n selfstandig georganiseerde Kerk was en ook as sodanig deur die Kaapse Kerk beskou is. Die gemeentes wat in Transvaal ontstaan het, het volkome sonder toedoen van die Kaapse Kerk ontstaan en was nóg aan die jurisdiksie van die Kaapse Kerk onderworpe, nóg organies deel van die Kaapse Kerk. Die vraag was nou of die Transvaalse gemeentes deel van die Kaapse Kerk **wou** word — want dit is as voorwaarde gestel vir die verkryging van 'n eie predikant. Terwille daarvan om 'n eie predikant te kry het hulle tog toegegee aan die ultimatum. Die inlywing sou egter nooit deurgaan nie.

Met die koms van ds. Van der Hoff het die ultimatum sy krag verloor en is dit voor die hand liggend dat die Transvalers in die lig van hierdie verwikkeling die hele aangeleentheid in heroorweging sou neem. Trouens, nog voordat ds. Van der Hoff in Transvaal aangekom en met die Transvalers kennis gemaak het, was dit reeds vir hulle 'n uitgemaakte saak dat die inlywing onder die Kaapse Sinode, waartoe hulle teësinnig toegestem en as van hulle afgepers beskou het, nie sou deurgaan

---

[6]) Vgl. in verband met hierdie hele aangeleentheid S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,** derde druk, Kaapstad-Pretoria, 1953, bls. 72 vv.

[7]) Vgl. S. P. Engelbrecht, a.w., bls. 74.

nie. [8]) Dat die Transvalers nie geneë was met die voorgestelde inlywing by die Kaapse Kerk nie, blyk onder andere ook uit die feit dat hulle 'n skrywe van ds. A. Faure, die Aktuarius van die Kaapse Sinode, insake inlywing en gedateer 2 November 1852, onbeantwoord gelaat het, terwyl hulle ook die navraag in verband met hierdie skrywe, wat hulle in April 1853 ontvang het eers etlike maande later beantwoord het. Indien die Transvalers wel ten gunste en gretig was om die inlywing by die Kaapse Sinode te laat deurgaan, sou hulle immers dadelik geantwoord het. [9])

Kort na die aankoms van ds. Van der Hoff in Transvaal op 27 Mei 1853, is op 6 Junie 1853 te Potchefstroom 'n Kerkraadsvergadering gehou onder voorsitterskap van ouderling F. G. Wolmarans. Nadat ds. Van der Hoff sy akte van ordening en bevestiging oorhandig het en

> „Na nauwkeurig onderzoek dezer papieren wordt genoemde predikant als wettig leeraar der Nederl. Hervormde gemeente erkend en als zoodanig door de vergadering in de hartelijkste bewoordingen verwelkomd". [10])

Hierna het ouderling Wolmarans die voorsitterstoel van die vergadering aan ds. Van der Hoff oorhandig. Ds. Van der Hoff het nou die reeds genoemde tweede brief van ds. Faure, waarin navraag gedoen word oor die eerste skrywe insake inlywing van die Transvaalse gemeentes onder die Kaapse Sinode, ter tafel gelê. Die vergadering het hierop die volgende besluit geneem :

> „ . . . geen officieel antwoord op die brief te geven voor dat alle kerkraden hieromtrent gehoord zijn en dat ten dien einde zal geschreven worden aan de kerkraden van Rustenburg, Lijdenburg en Zoutpansberg en aan den Volksraad, kennis gevende van deze zaak met verzoek om onderling overeen te komen tot het houden eener Algemene Kerkvergadering". [11])

Oor hierdie besluit van die vergadering was diaken Wessel Badenhorst so ontevrede dat hy die vergadering verlaat het en geweier het om ooit weer 'n Kerkraadsvrgadering by te woon. Te Hartebeestfontein het Badenhorst 'n klein groepie on-

---

[8]) Vgl. S. P. Engelbrecht. a.w., bls. 87 vv.
[9]) S. P. Engelbrecht, a.w., bls. 77.
[10]) **Kerkraadsnotule,** 6 Junie 1853. Gepubliseer in die **Hervormde Teologiese Studies**, Negende jaargang. Afl. III en IV, Augustus 1953, bls. 165 en 166.
[11]) **Kerkraadsnotule,** 6 Junie 1853.

tevredenes rondom hom vergader. Later het Cachet verklaar dat die gemeente van Hartebeestfontein hulle aan die diens van ds. Van der Hoff onttrek het,

> „ . . . omdat zijneerw. zich niet door een der Kaapsche predikanten of uit den Vrijstaat, had laten bevestigen, en zonder kerkelijke bevestiging als leeraar zijn ambt in dit land uitoefende". [12])

Hierdie rede is miskien later deur sommige van die afgeskeidenes as rede aangevoer, maar dit was egter nie die aanvanklike rede waarom Wessel Badenhorst hom aan die vergadering onttrek het nie. [13]) Die enigste rede wat in die notule vir sy optrede aangegee word, is dat hy nie met die vergadering kon saamstem dat 'n Algemene Kerkvergadering byeengeroep moes word om oor die kwessie van inlywing by die Kaapse Sinode te handel nie. [14])

Uit hierdie vreemde optrede van Badenhorst om die vergadering te verlaat net omdat hy nie kon saamstem oor 'n besluit oor prosedure, kan nie sondermeer afgelei word dat die besluit juis as gevolg van die beïnvloeding deur ds. Van der Hoff geneem is en dat hy die enigste was wat hom nie laat beïnvloed het nie. [15]) Inteendeel, as latere gebeure in aanmerking geneem word soos onder andere dat die inlywing by die Kaapse Sinode deur al die gemeentes van die Transvaalse Kerk eenparig verwerp is, dan lyk dit eerder asof net Badenhorst ten gunste van inlywing by die Kaapse Sinode gevoel het en dat sy vreemde optrede juis die gevolg was van die feit dat hy daarvan bewus was dat die Transvalers nie sondermeer hulle selfstandige kerklike bestaan sou prysgee om by die Kaapse Sinode ingelyf te word nie, veral nie toe hulle eers 'n eie predikant, sonder die hulp van die Sinode gekry het nie. Dit was dus nie ds. Van der Hoff se beïnvloeding wat hulle laat besluit het om eers met die ander gemeentes raadpleging te hou oor die hele aangeleentheid van inlywing by die Kaapse Kerk nie. Trouens, dat die Potchefstroomse Kerkraad besluit het om nie alleen oor die

---

[12]) G. B. A. Gerdener. a.w., bls. 336.
[13]) As bedink word dat in 1854 die verhaal ontketen is dat ds. Van der Hoff nooit met die handoplegging georden is nie, dan is dit vreemd dat die afgeskeidenes later so 'n argument sou gebruik nie. Vgl. S. P. Engelbrecht. **Nogmaals dr. G. D. Scholtz se Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk,** Pretoria 1957, bls 56vv.
[14]) **Kerkraadsnotule,** 6 Junie 1853.
[15]) Vgl. hier die afleidings wat G. D. Scholtz maak in sy **Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika,** 1842-1885, Kaapstad-Pretoria, bls. 82.

gewigtige saak van inlywing by die Kaapse Sinode te besluit nie, maar om die ander gemeentes in Transvaal daarin te ken, is geensins bevreemdend nie. Want reeds in 1852, toe daar vir die eerste maal oor inlywing by die Kaapse Sinode gehandel is, is daar 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering te Potchefstroom gehou waar die gemeentes van Rustenburg en Lydenburg ook verteenwoordig is. [16]) Daarom is dit voor die hand liggend dat die Kerkraad nie anders kon as om die ander Kerkrade ook in 1853 te raadpleeg in verband met die verdere onderhandelinge oor inlywing by die Kaapse Sinode nie.

Dan kan ook nie beweer word dat die Potchefstroomse Kerkraad deur hierdie besluit die weg berei het vir die totstandkoming van 'n totaal nuwe kerk, en dus 'n afgeskeie kerk, in Transvaal met ds. Van der Hoff as predikant nie, terwyl Badenhorst en sy groep dan die historiese kerk waarmee die Trekkers uit die Kaap gekom het, deur sy optrede gehandhaaf het nie. [17]) Hier moet dit gestel word dat hierdie besluit van die Potchefstroomse Kerkraad alleen maar die bestaande kerklike selfstandigheid onderstreep het en dat die besluit van die eerste Algemene Kerkvergadering van die Transvaalse Kerk van Augustus 1853 om die inlywing by die Kaapse Sinode te verwerp, nie beteken het dat so 'n nuwe kerk, afgeskei van die Kaapse Kerk tot stand gekom het nie, maar dit het alleen beteken dat die selfstandige bestaan van die kerk in Transvaal, wat reeds bestaan het en soos reeds gesien deur die Kaapse Kerk erken is, deur hierdie besluit bestendig en ononderbroke voortgesit is. [18]) Badenhorst se optrede om hom van die kerk in Transvaal te onttrek op grond van die feit dat hy nie saamgestem het met 'n besluit van die Potchefstroomse Kerkraad in verband met prosedure nie, was dus niks anders as die sektariese weg van afskeiding nie. Die reformatoriese-kerkregtelike beginsel dat 'n Kerkraad alleen met toestemming van 'n gemeente die gemeente uit 'n kerkverwoestende verband of uit 'n vals Kerk kan lei was hier nooit eers ter sprake nie. [19]) Diaken Badenhorst se optrede het dus niks anders beteken as dat hy hom van die bestaande kerk afgeskei het en dat hy en die groepie ontevredenes wat hy te Hartebeestfontein rondom hom vergader

---

[16]) Vgl. A. D. Pont, a.w., bls. 153vv.

[17]) Sien G. D. Scholtz, a.w., bls. 82. Vgl. egter hier ook S. P. Engelbrecht,, **Nogmaals G. D. Scholtz**, bls. 32 vv.

[18]) A. D. Pont, a.w., bls. 157.

[19]) Vgl. H. G. Kleyn, **Algemene Kerk en Plaatselijke Gemeente**, Dordrecht 1888, blz. 25 to 28.

het, buite die kerkverband van die kerk in Transvaal te staan gekom het nie.

Hierdie optrede van Badenhorst is egter wel te begrype as bedink word dat die familie Badenhorst sterk seperatistiese neigings gehad het en dat juis die Hartebeestfonteinse Badenhorste se neigings tot seperatisme aangewakker is deur ds. D. van Velden van Winburg met wie hulle in verbinding gestaan het en wat geen goeie woord vir ds. Van der Hoff gehad het nie maar hom op enige manier probeer verdag maak het. [20])

Die ontevrede groep rondom Wessel Badenhorst het dadelik aansluiting by die Kaapse Sinode probeer soek en hulle per brief in verbinding met die Sinode gestel en om 'n eie predikant gevra. [21]) 'n Eie predikant het hulle nie gekry nie maar hulle is wel besoek deur predikante uit die Nederduits Gereformeerde Kerk van die Vrystaat soos di. A. Murray (jnr.), A. A. Louw en H. van Broekhuizen. Dit het egter nooit gebeur dat verteenwoordigers uit hierdie gemeente óf op die Ring van Transgariep óf op die Kaapse Sinode sitting geneem het nie. Amptelik het hulle dus ook nie onder die Kaapse Kerkverband gestaan nie.

Die onkerkregtelike situasie het later selfs nog vererger. In 1862 het ds. A. Murray (jnr.) van Bloemfontein aan die Hartebeestfonteiners 'n besoek gebring en onder andere ook 'n aantal kerkraadslede aangestel, sonder egter om hulle in hulle ampte te bevestig. Ook ds. H. van Broekhuizen, wat kort hierna „Consulent extraordinair" [22]) van Hartebeestfontein geword het, het hierdie aangestelde kerkraadslede nie in hulle ampte bevestig nie, hoewel hulle gewoonweg voortgegaan het om hulle ampswerk te verrig. Die vraag kan egter gestel word of hier van 'n afsonderlike gemeente gepraat kon word aangesien daar geen bevestigde kerkraadslede onder die Hartebeestfonteiners gewees het nie.

Dit beteken dus eintlik dat te Hartebeestfontein 'n groepie mense bestaan het, wat organisatories nie deel was van die Transvaalse of Kaapse Kerk nie, terwyl hulle 'n Kerkraad gehad het wat as kerkraad gefungeer het, sonder dat die kerkraadslede

---

[20]) S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis,** bls. 86, voetnoot 2.

[21]) G. D. Scholtz, **a.w.,** bls. 140-141.

[22]) Dit is die term wat C. Spoelstra gebruik in sy boek **„Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na die Groot trek",** Kampen 1915. bls. 311-313. Waarom Spoelstra hierdie term gebruik het, is nie duidelik nie. Moontlik hou dit wel verband met die feit dat Hartebeestfontein nie amptelik as afsonderlike gemeente binne die Ring van Trans-Gariep erken is nie.

in hulle ampte bevestig was. Inderwaarheid het hierdie groepie mense dus sonder enige kerkverband gestaan.

Van die kant van die Transvaalse kerk is aanvanklik blykbaar nie veel gedoen om die ontevrede Hartebeestfonteiners weer terug te kry by die kerk nie. Ds. G. W. Smits van Rustenburg het hom egter sterk beywer om hierdie ongesonde toedrag van sake verander te kry en hy het herhaaldelik vanaf 1861 op Algemene Kerkvergaderings van die Nederduitsch Hervormde Staatskerk die saak te berde gebring. [23]) Hy was van mening dat die Hartebeestfonteiners, alhoewel hulle bedien is deur predikante van buite Transvaal, tog behoort het tot die kerk in Transvaal.

So het hy byvoorbeeld verklaar :

> „Op de vraag wat verstaat gij door eene gemeente van Hartebeestfontein, heb ik bedoeld die menschen die zich afgezonderd hadden van de Nederduitsch Hervormde Gemeente Potchefstroom onder de leiding van ds. Van der Hoff en zich immer lieten bedienen, door predikanten buiten de lemieten der Zuid-Afrikaansche Republiek, maar toch eigentlijk behoorden tot de Nederduitsch Hervormde Kerk der Zuid-Afrikaansche Republiek". [24])

Ds. Smits het dus blykbaar die Hartebeestfonteiners as 'n groepie mense gesien wat hulle deur predikante van 'n ander kerkverband as hulleself laat bedien het, terwyl hulle na regte onder die kerkverband van die Staatskerk moes staan. Waarom ds. Smits hulle so gesien het is nie duidelik nie. Nietemin het ds. Smits in 1865 daarin geslaag om die Algemene Kerkvergadering sover te kry om 'n kommissie af te vaardig.

> „ . . . om met de aldaar opgerigt gemeente te spreken, teneinde haar te bewegen hare afsonderlijke oprigting te vernietigen en eens te worden met de gemeente van Mooirivier". [25])

Die bedoeling van die Algemene Kerkvergadering was dus dat die Hartebeestfonteiners nie as afsonderlike gemeente van die Hervormde Kerk opgeneem sou word nie maar dat hulle weer as deel van die gemeente Potchefstroom, waartoe hulle oorspronklik behoort het, opgeneem moes word. Toe die Harte-

---

[23]) S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis,** bls. 223. Vgl. ook die getuienis van ds. G. W. Smits voor die hof van landdros en heemrade in 1869 in verband met die saak tussen die Ned. Herv. en Ned. Geref. Gemeentes van Hartebeestfontein.

[24]) Notule van die hof van Landdros en Heemrade.

[25]) G. B. A. Gerdener, a.w., bls. 270.

beestfonteiners egter daarop aangedring het om as afsonderlike gemeente ingelyf te word, het die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk dit so aanvaar.

Die kommissie wat afgevaardig is, het bestaan uit ds. G. W. Smits en ouderlinge F. G. Wolmarans en P. Cronje en hulle was vanaf 16 Februarie tot Maandag 19 Februarie te Hartebeestfontein om oor die saak te onderhandel.[26]) Aanvanklik het dit gelyk asof die onderhandelings op 'n mislukking gaan uitloop en was dit duidelik dat die Hartebeestfonteiners nie te vinde was vir inlywing by die Nederduitsch Hervormde gemeente Potchefstroom nie. Die byeenkoms van gemeentelede te Hartebeestfontein op Vrydag 16 Februarie 1866 het op niks uitgeloop nie en dit het op daardie stadium gelyk asof die kommissie onverrigtersake sou moes terugkeer en asof Hartebeestfontein so buite enige kerkverband sou bly voortbstaan. Die kommissie sou egter volgens reëlings eers die Maandag vertrek.

Terwyl ds. Smits nou nog te Hartebeestfontein was, het hy kennis gemaak met die onkerkregtelike situasie wat daar bestaan het, waar die kerkraadslede aangestel is en wel hulle ampswerk verrig het maar nooit in hulle ampte bevestig is nie. Die Sondagoggend het hy ds. Van Broekhuizen op hierdie toedrag van sake gewys, waarna ds. Van Broekhuizen, na aanvanklike huiwering, hulle wel in hulle ampte bevestig het.[27])

Op Maandag 19 Februarie 1866, sou die kommissie onverrigtersake moes vertrek en alles was reeds gereed vir hulle vertrek. Intussen het ds. Van Broekhuizen egter weer 'n byeenkoms van gemeentelede vir die Maandag belê en is ds. Smits kort voor sy vertrek daarheen ontbied om verder te onderhandel oor die kwessie van inlywing.[28]) Op hierdie byeenkoms het die Hartebeestfonteiners hulle wel bereid verklaar om by die Hervormde Kerk ingelyf te word, op voorwaarde egter dat hulle 'n afsonderlike gemeente sou bly en self 'n konsulent sou kon kies. Daar is dadelik 'n afvaardiging gekies bestaande uit ouderling J. H. R. Lemmer en diaken A. P. L. Kotze om na die sitting van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat 'n week later te Potchefstroom sou begin, te

---

[26]) G. B. A. Gerneder, **a.w.**, bls. 270.

[27]) Ds. Van Broekhuizen wou nl. eers toestemming van die Ring van Transgariep kry om hulle in hulle ampte te bevestig. Uit hierdie huiwering van ds. Van Broekhuizen is dit duidelik dat ook die predikante uit die Vrystaat wat die Hartebeestfonteiners kom besoek het, onseker was oor hulle betrekking tot die Ring van Transgariep en die Kaapse Sinode.

[28]) S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 224.

gaan en hulle het ook 'n lasbrief ontvang :

> „ten einde des noodig aan de Eerw. Leden van genoemde Kerkvergadering inlichting te geven omtrent de gewenste vereeniging, aan de kerkvergadering een consulent voor te stellen die de gemeente van Hartebeestfontein zal dienen". [29])

In hierdie lasbrief wat die twee afgevaardigdes ontvang het word niks genoem van drie sake wat op die vergadering van die Vrydag wel genoem is in die vorm van eise waaraan voldoen moes word, voordat inlywing moontlik was nie. Die drie eise wat by daardie geleentheid as voorwaarde vir inlywing genoem is, was :

> „(a) Indien de Kerkvergadering der Hervormde Kerk zich Zuiwere van den door Cachet op haar gelegde blaam.
>
> „(b) Die vergadering den Bijbel verklare Gods onbedrieglike Woord te zijn, en de Formulieren van Eenigheid geheel daarmede overeenkomstig.
>
> „(c) Een behoorlijk formulier voor predikanten zou worden opgesteld of liever het oude formulier worden ondertekend". [30])

Hoewel hierdie drie eise nie in die lasbrief genoem word nie, kan tog met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat die afgevaardigdes wel sou verwag dat daar vir hulle in verband met hierdie sake duidelikheid sou kom, en dat hulle juis, as daar aan hierdie gestelde eise deur die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk voldoen sou word, sou voortgaan om die inlywing deur te voer. Trouens die gebeure op die Algemene Kerkvergadering van 26 Februarie 1866 en volgende dae en ook 'n verklaring deur diaken Kotze, bevestig die vermoede dat die afgevaardiges wel hierdie drie eise in gedagte gehad het toe hulle op die Algemene Kerkvergadering onderhandel het oor die voorgestelde inlywing. Die volgende aanhaling uit die notule spreek duidelik in hierdie verband :

> „De Voorzitter voert tot hen (die afgevaardigdes van Hartebeestfontein) en tot de vergadering het woord en begint met den eisch van de gemeente van Hartebeestfontein :
>
> ‚Dat de vergadering zich moet zuiweren van den

---

[29]) G. B. A. Gerdener, a.w., bls. 337.
[30]) G. B. A. Gerdener, a.w., bls. 337.

blaam door Ds. Cachet op haar gelegd'.

Broer Coetzee : „Ds. Cachet heeft de vergadering van leervryheid beschuldigd".

Voorzitter : „ . . . wij zuiveren ons door de onderteekening van het formulier".

Broer Coetzee : „Wij beschouwen al wat door Ds. Cachet in de Caurant geschreven is van u als eenzijdig!"

Voorzitter : „De Kerkeraad van Hartebeestfontein kan in ons formulier de zuiverheid van onze Leer genoegsaam zien". [31])

Verder wys die voorsitter ook nog daarop dat die ondertekeningsformulier, wat op die betrokke vergadering deur al die predikante eintlik by herhaling onderteken is, dieselfde is as die van die Kaapse Kerk en dat dit wel daar aanvaar word, as die bewys van die regsinnigheid van die predikante.

Diaken Kotze se verklaring later :

„De wensch van de gemeente was volgens de vereenigingspunte . . . . " [32])

kan as 'n verdere bewys aangevoer word dat die afvaardiging wel die genoemde eise in gedagte gehad het, waaraan die Algemene Kerkvergadering moes voldoen, waarna hulle dan die inlywing kon bekragtig.

Die Inlywing van Hartebeestfontein onder die Kerkverband van die Nederduitsch Hervormde Kerk 1866.

Op die eerste sittingsdag van die Algemene Kerkvergadering, nl. 26 Februarie 1866, is die inlywing van Hartebeestfontein bespreek nadat ds. Smits verslag gedoen het van die werksaamhede van die kommissie wat deur die Algemene Vergadering na Hartebeestfontein gestuur is. Daar is egter nie finaal oor die saak gehandel nie en die afgevaardigdes van Hartebeestfontein is tot die volgende dag geleentheid gegee voordat hulle hul besluit aan die Vergadering bekend moes maak. [33]) Die volgende dag, 27 Februarie 1866, het die inlywing van Hartebeestfontein werklikheid geword en is ds. G. W. Smits van Rustenburg as konsulent aangewys. In die notule van die Algemene Kerkvergadering word die opneming as volg vermeld :

---

[31]) G. B. A. Gerdener, **a.w.**, bls. 277-278.
[32]) Notule van die hof van Landdros en Heemrade.
[33]) G. B. A. Gerdener, **a.w.**, bls. 278.

„De secretaris leest het verslag voor van de afgevaardigden van Hartebeestfontein, bevattende het besluit om aan het verlangen der gemeente en der vergadering te voldoen, en met die Algemene Kerkvergadering vereenigd te zijn, en Ds. Smits als consulent te verkiezen .Predikant Pretoria betuigd zijne tevredenheid over het besluit en verlangt dat de vergadering aan het verlangen van de afgevaardigden zal volden. Eenige discussiën hebben plaats gehad, waarna de predikant van Potchefstroom het navolgende voorstel doet : De algemene vergadering vereenigt [34]) zich met de gemeente van Hartebeestfontein, en verlangt van den Consulent, die benoemd zal worden, dat hij zijne beste pogingen zal aanwenden om haar tot eene binnen behoorlike grenzen bepaalde gemeente te vormen . . . Algemeen aangenomen". [35])

Van die kant van die Hervormde Kerk was daar vreugde oor hierdie verloop van sake, want hiermee was die breuk tussen die Hartebeestfonteiners en die Hervormde Staatskerk nou weer geheel en het Hartebeestfontein nou 'n amptelike kerkverband gehad as afsonderlike gemeente van die ou Staatskerk van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Later is die bewering gemaak dat hierdie inlywing by die Hervormde Kerk nie volgens die wens van die gemeente Hartebeestfontein was nie en dat die afgevaardigdes van die gemeente na die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde ook nie volmag gehad het om die inlywing aan te gaan nie en dat die inlywing daarom onwettig en van nul en gener waarde was nie. [36]) Wanneer die volgende sake egter oorweeg word, word dit duidelik dat die gemeente wel gunste van die inlywing was en dit goedgekeur het, asook dat die inlywing wel wettig was :

1. Op die byeenkoms van die Hartebeestfonteiners op Maandag 1. Februarie 1866 is ten gunste van inlywing by die Nederduitsch Hervormde Kerk gestem en is dadelik twee afgevaardigdes gekies om na die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk te gaan. Aan hierdie twee afgevaardigdes

---

[34]) Die term verenig is hier minder gelukkig. Dit was nie twee kerke wat met mekaar verenig het nie. maar 'n gemeente sonder kerkverband wat opgeneem is in die Kerkverband van die Hervormde Kerk.

[35]) G. B. A. Gerdener, a.w., bls. 278.

[36]) Dit is soos Cachet dit gestel het. Vgl. G. B. A. Gerdener, a.w., bls. 337 en G. D. Scholtz, a.w., bls. 215.

is 'n lasbrief gegee, en hoewel die lasbrief nie baie duidelik is in sy opdrag nie, kan egter nie sondermeer uit die sin :

> „ten einde des noodig aan de eerw. leden van de genoemde kerkvergadering **inlichting** te geven omtrent de gewenschte vereniging",

afgelei word dat die afvaardiging nie by magte was om toe te stem tot inlywing nie. 36a) Indien die vervolg van die sin gelees word, dan lyk dit eerder of die teendeel waar is: naamlik :

> „aan de kerkvergadering een consulent voor te stellen, die de gemeente van Hartebeestfontein zal dienen".

Indien die afvaardiging nie inlywing namens die gemeente kon bekragtig nie, het dit tog geen sin dat hulle wel 'n konsulent kon voorstel nie. Word egter aanvaar dat die bedoeling van die gemeente Hartebeestfontein wel was dat hulle afgevaardigdes namens hulle inlywing tot stand kon bring as daar byvoorbeeld aan sekere vereistes wat hulle gestel het, voldoen sou word, dan kan die opdrag om 'n konsulent voor te stel begryp word en dan het dit ook sin.

Dat hierdie laasgenoemde moontlikheid die meer waarskynlike is naamlik dat dit wel die bedoeling van die gemeente Hartebeestfontein was dat hulle afgevaardiges namens hulle die inlywing kon aangaan, blyk uit die volgende nog duideliker :

(a) Hoewel die byeenkoms wat op 16 Februarie 1866 te Hartebeestfontein gehou is met die oog op onderhandelings in verband met inlywing van die Hartebeestfonteiners by die Hervormde Kerk, op 'n mislukking uitgeloop het, moet daarop gelet word dat by daardie geleentheid 'n tentatiewe lasbrief opgestel is wat aan die afgevaardigdes gegee sou word. Hierdie lasbrief het as volg gelui :

> „De afgevaardigden moesten aan de Algemene Kerkvergadering der Ned. Herv. Kerk inlichten geven omtrent eene vereeniging van Hartebeestfontein met de Herv. Kerk, en dan, **mogt zoodanige eene vereeniging plaats vinden,** een consulent voorstellen . . . " [37])

Hier is dit tog baie duidelik dat die bedoeling was dat die afgevaardigdes aan die Algemene Vergadering „inlichtingen" om-

---

[37]) G. B. A. Gerdener, **a.w.,** bls. 337.

trent 'n moontlike inlywing moes gee om daarna, indien hulle tevrede was met verloop van sake, die inlywing te bekragtig en ook 'n konsulent voor te stel. Daar is nie gesê dat die afgevaardigdes eers weer moes terugrapporteer aan die gemeente en dat die gemeente dan verdere opdragte in verband met inlywing sou gee nie. Dit lyk ook asof onder „inlichtingen" die drie genoemde eise verstaan moet word. Die bedoeling sou dan wees dat, indien die Algemene Kerkvergadering tot die bevrediging van die afgevaardigdes sou voldoen aan die eise, hulle dadelik kon voortgaan met inlywing.

Nou is dit waar dat die byeenkoms van 16 Februarie 1866 tog uiteindelik op niks uitgeloop het nie. Die byeenkoms wat op 19 Februarie 1866 gehou is, het egter wel besluit om afgevaardigdes te stuur en het aan hulle 'n lasbrief gegee en nou kan dit verwag word dat hierdie lasbrief min of meer dieselfde inhoud en bedoeling sou hê as die tentatiewe lasbrief van 16 Februarie. Dat dit inderdaad die geval was blyk onder andere uit die feit dat op die tweede Algemene Kerkvergadering van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaansche Republiek juis daarop gewys is dat die lasbrief van 16 Februarie nodig is om die lasbrief van 19 Februarie 1866 beter te verstaan. [38])

(b) Baie belangrik in hierdie verband is die getuienis van diaken A. P. L. Kotze, een van die twee afgevaardigdes van Hartebeestfontein, wat hy in 1869 voor die hof van Landdros en Heemrade gelewer het :

> „Maandag is er eene ander vergadering gehouden waar ons een lastbrief is gegeven :
>
> De wensch van de gemeente was volgens de vereenigingspunten, doch het was in den lastbrief niet gesteld — zoo als ik den lastbrief in dien tyd verstaan hebben wij gehandeld overeenkomstig denzelven. Wij hadden de lastbrief verstaan dat indien wij het raadzaam achten te vereenigen wij zulks konden doen". [39])

Uit hierdie verklaring van diaken Kotze is dit baie duidelik dat die bedoeling van die gemeente, met die stuur van afgevaardigdes, wel was om by die Hervormde Kerk ingelyf te word en dat hulle ook daartoe aan die afgevaardigdes volmag verleen het om na bevind van sake te handel.

---

[38]) G. B. A. Gerdener, **a.w.,** bls. 337.
[39]) Vgl. die **Notule van die hof van Landdros en Heemrade.**

2. In die tweede plek moet daarop gewys word dat die optrede van die afgevaardigdes van Hartebeestfontein en die gebeure op die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk te Potchefstroom op 26 Februarie 1866 en volgende dae, beslis daarop dui dat die afgevaardigdes wel van die gemeente die volmag gehad het om, indien hulle dit raadsaam sou ag, die inlywing namens die gemeente aan te gaan.

Hoewel die inlywing van Hartebeestfontein reeds op die eerste sittingsdag van die Algemene Kerkvergadering bespreek is, en die besware van die Hartebeestfonteiners bespreek is, is die inlywing nie dadelik bekragtig nie, maar is die afgevaardigdes van Hartebeestfontein tot die volgende dag gegun om weereens oor die saak na te dink en dan hulle besluit bekend te maak. Ds. Smits het later getuig dat hierdie tyd juis aan die afgevaardigdes gegee is, sodat hulle weer noukeurig oor die saak kon gaan besin en ook nog oorleg kon pleeg met ander lede van die kerkraad van Hartebeestfontein wat op daardie oomblik ook in Potchefstroom teenwoordig was. [40]) Met hierdie doel voor oë is daar ook nog 'n byeenkoms van die afgevaardigdes van Hartebeestfontein en ander kerkraadslede van Hartebeestfontein tesame met ds. Smits in die konsistorie van die Hervormde Kerk van Potchefstroom gehou in die vroeë môreure van 27 Februarie 1866 gehou waar die hele kwessie van inlywing nogeens bespreek is. Ds. Smits het oor hierdie byeenkoms verklaar :

> „Op den bepaalden tijd werden mij aldaar in de Consistoriekamer de duidelijkste blijken van tevredenheid gegeven over de aansluiting den gemeente Hartebeestfontein onder mij als consulent en drong men er ten sterkste op aan dat ik toch zoo spoedig mogelijk . . . komen . . . " [41])

Wat dus gebeur het tussen die sittings van 26 en 27 Februarie 1866 was dat die afgevaardigdes weer noukeurig oor die saak besin het en ook nog met ander Kerkraadslede van Hartebeestfontein oorleg gepleeg het en dat hulle tevrede was dat besware wat moontlik teen inlywing kon bestaan uit die weg geruim is, en dat hulle die inlywing kon deurvoer. Daar is nie die minste aanduiding dat een van die afgevaardigdes of van die ander Kerkraadslede op daardie stadium teen inlywing gekant was of van mening was dat die afgevaardigdes nie by magte was om inlywing aan te gaan nie. Trouens, dat hulle die

---

[40]) Notule van die Hof van Landdros en Heemrade.
[41]) Notule van die Hof van Landdros en Heemrade.

„duidelijkste blyken van tevredenheid" oor inlywing gegee het en ook daarop aangedring het dat ds. Smits so gou moontlik sy konsulentswerk onder hulle moes kom verrig, dui daarop dat hulle seker was van hulle saak en van die korrektheid van hulle optrede. Dit is daarom tog nie vergesog om te beweer dat dit vir beide afgevaardigdes en die ander kerkraadslede vasgestaan het dat dit wel „het verlangen der gemeente" was, om ingelyf te word by die Hervormde Kerk en dat hulle optrede om die inlywing namens die gemeente aan te gaan, wettig was.

Die formele inlywing het dan ook met algemene stemme geskied en daar is hoegenaamd geen beswaar van enige kant teen die inlywing geopper nie.

3. 'n Derde saak wat daarop dui dat die Hartebeestfonteiners wel ten gunste van die inlywing by die Hervormde Kerk was en ook die optrede van die afgevaardigdes om die inlywing tot stand te bring as wettig beskou het, is die feit dat hulle wel die inlywing op 'n vergadering, waarop die afgevaardigdes verslag gedoen het, goedgekeur en aanvaar het. Op hierdie verslagvergadering is hoegenaamd geen stem teen die inlywing gehoor nie. Slegs een persoon naamlik 'n sekere Piet Boshoff het buite stemming gebly, sonder om hom egter teen die inlywing uit te spreek. [42])

Indien die gemeente wel teen die inlywing gekant was en die afgevaardigdes hulle opdrag oorskry het deur wel die inlywing aan te gaan, kan dit verwag word dat op hierdie verslagvergadering sou gebeur het dat die optrede van die afgevaardigdes veroordeel sou word en die inlywing as onwettig en ongeldig afgewys sou word. Dit het nie gebeur nie, maar die inlywing is wel goedgekeur.

Op hierdie vergadering het egter wel iets plaasgevind wat beskou kan word as die planting van 'n saadjie wat op die latere afskeiding van 'n gedeelte van die gemeente sou uitloop. 'n Sekere Jan Mabile [43]) het op die byeenkoms uit 'n boekie van Cachet, waarin hy skerp teen die Hervormde Kerk tevelde trek voorgelees en dit het veel onsekerheid en verwarring veroorsaak. [44]) Desnieteenstaande het die Hartebeestfonteiners tog die

---

[42]) Vgl. hier veral die getuienis van diaken A. P. L. Kotze asook van J. H. Forster voor die hof van Landdros en Heemrade in 1869.

[43]) Vgl. oor Jan Mabile S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis,** bls. 225, voetnoot 1.

[44]) Die werkie was getitel: **„Aan de Leden der Nederduitsch Gereformeerde Kerk in die Z.A. Republiek".** Hierin het hy allerlei lasterlike en venynige beskuldigings teen die Hervormde Kerk gemaak. Sien S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis,** bls. 219.

inlywing goedgekeur.

4. 'n Volgende saak waaruit afgelei kan word dat die inlywing wat aangegaan is wel deur die gemeente Hartebeestfontein goedgekeur is en hulle hulself ook beskou het as 'n wettige afsonderlike gemeente onder Hervormde Kerkverband, is die feit dat ds. Smits wel as konsulent aanvaar is en ook toegelaat is om sy konsulentswerk te doen. Hoewel daar 'n sekere mate van onsekerheid en verwarring geheers het na die verslagvergadering waar Jan Mabile uit die boekie van Cachet voorgelees het, het dit egter nie verhinder dat ds. Smits wel op 14 September 1966 te Hartebeestfontein aangekom het om sy konsulentswerk te verrig nie. Hy het normaalweg opgetree as voorsitter van die Kerkraad en Kerkraadslede is ooreenkomstig die Hervormde Kerkwet verkies. Daar was hoegenaamd geen weerstand teen ds. Smits, of die Hervormde Kerk nie en die Kerkwet van die Nederduitsch Hervormde Kerk is gehoorsaam. Dit dui tog duidelik daarop dat die inlywing as wettig beskou en aanvaar is.

5. Laastens moet nou nog gewys word op die uitspraak van die hof van Landdros en Heemrade, wat die saak tussen die Ned. Hervormde gemeente Hartebeestfontein en die Ned. Gereformeerde gemeente van Hartebeestfontein in verband met kerklike eiendomme en fondse in 1869 verhoor het. Die uitspraak van die hof het as volg gelui :

> „Het hof van Landdrost en Heemraden regt doende in naam en vanwege het volk der Zuid-Afrikaansche Republiek de zaak in rype overweging genomen hebbende besluit de eigendommen door eischer by dagvaarding geeischt, aan hen toe te kennen en de verweerders te veroordeel en tot afgifte aan eischers van alle Kerklike dokumenten, papieren, kerkeigendommen en gelden tot een bedrag van achtien ponden stg. min of meer, overgelegd en nog in bezit van verweerders, alsmede in alle kosten van dit proses". [45])

Die hof het dus die saak met koste teen die Nederduitsch Gereformeerde Hartebeestfontein uitgewys. Hieruit is dit baie duidelik dat die hof, op grond van die getuienis wat voor die hof gelê is, tot die oortuiging gekom het dat die Hervormde gemeente die wettige eienaar van die betrokke eiendomme was.

---

[45]) Notule van die hof van Landdros en Heemrade.

As hier nou bedink word dat sommige van die eiendomme waaroor geprosedeer is,[46]) reeds die besit van die gemeente Hartebeestfontein was nog voordat die inlywing aangegaan is, dan is dit duidelik dat die hof die Hervormde gemeente van Hartebeestfontein gesien het as wettige voortsetting van die gemeente wat voor die inlywing bestaan het en nie die Ned. Gereformeerde gemeente wat deur Cachet opgerig is nie.

Tot hierdie beslissing kon die hof alleen kom as die hof wel oortuig was dat die inlywing van die gemeente Hartebeestfontein wat op 27 Februarie 1866 plaasgevind het, wettig en in ooreenstemming met die wil van die gemeente was en dat die bestaande Nederduitsch Hervormde gemeente daarom dan die voortsetting was van die Hartebeestfonteinse gemeente van voor die inlywing en dus ook besitters van al die kerklike dokumente, fondse en eiendomme. Hiermee is dit duidelik dat dit vir die hof vasgestaan het dat die Nederduitsch Gereformeerde gemeente van Hartebeestfontein wat deur Cachet afgeskei is, 'n totaal nuwe Kerk was, wat nie kon aanspraak maak op enige van die eiendomme waaroor die hofsaak gegaan het nie.

Hierdie voorgaande oorwegings in aanmerking geneem, is dit dus duidelik dat die inlywing van die Hartebeestfonteiners by die Hervormde Kerk, soos dit deur die twee afgevaardigdes wat hulle na die Hervormde Kerk se Algemene Kerkvergadering gestuur het, deurgevoer is, wel die goedkeuring van die gemeente weggedra het en dus ook 'n wettige inlywing was. As gevolg van ander verwikkelinge wat in die loop van 1866 plaasgevind het en wat bewerk is deur Frans Lion-Cachet, het 'n gedeelte van die gemeente weer afgeskei van die Hervormde Kerk om deel te word van Cachet se kerk.

Afskeiding onder Cachet.

Die vrede en orde wat nou gekom het met die inlywing van Hartebeestfontein by die Hervormde Kerk was egter van korte duur, want in die jaar 1866 het daar op kerklike gebied in Transvaal 'n skeuring plaasgevind soos geen tweede voorbeeld van gevind kan word nie, wat gevolge gehad het wat tot vandag toe voortduur en veel bitterheid en twiste onder die Transvalers laat ontstaan het. Ook te Hartebeestfontein het die skeuring nie uitgebly nie.

Die eerste barste van hierdie skeuring het reeds op die

[46]) Soos byvoorbeeld die doop- en lidmate-registers.

Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk van 20 November 1865 in sitting te Pretoria, verskyn. Trouens voor hierdie datum het Cachet [47]) se optrede al duidelik getoon dat hy van plan was om 'n eie kerk naas die bestaande kerk tot stand te bring. Dit blyk onder ander uit die beskuldigings, vrae en bewerings wat hy op 'n vergadering van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk gemaak het. [48])

Die kommissie van die Algemene Kerkvergadering het die besware en bewerings nie self behandel nie, maar die Algemene Kerkvergadering opgeroep om hieroor uitspraak te gee.

Die oorspronklike bedoeling van Cachet se verskyning op die sittings van beide die kommissie van die Algemene Kerkvergadering van 26 Junie 1865 en die Algemene Kerkvergadering van 20 November 1865 was sogenaamd om te handel oor die verhouding van die gemeente Utrecht tot die Staatskerk. [49]) Dit was egter gou duidelik dat Cachet nie van plan was om te onderhandel nie, maar dat hy as 'n soort beskuldiger en aanklaer wou optree en allerlei onmoontlike eise gestel het. [50]) 'n Botsing was onvermydelik en Cachet verlaat die Vergadering met die volgende dreigement:

> „Hij zegt de heele Republiek in lengte en breedte te zullen doortrekken om zuiver Gereformeerde gemeenten op te rigten, aangesien hij de eenige zuiver Ned. Ger. predikant hier te lande is". [51])

Met hierdie dreigement van hom het hy nou die planne, wat hy nog altyd in die mou gevoer het, bekend gemaak, naamlik om 'n kerk naas die bestaande kerk te vestig en dus so skeuring te bewerk. Daarmee het hy homself as die skeurmaker aangewys.

Hierdie dreigement het Cachet in die loop van 1866 ten uitvoer gebring en sy skeuringswerk in die Hervormde Kerk aangerig. Die eerste twee plekke waar skeurings plaasgevind het was Wakkerstroom in Januarie 1866 en Lydenburg in Maart

---

[47]) Sien S. P. Engelbrecht. **ds. Frans Lion-Cachet,** artikel in die Hervormde Teologiese Studies, 9e jaargang, afl. III en IV, bls. 181-231.

[48]) G. B. A. Gerdener, **a.w.,** bls. 263-269.

[49]) Sien S. P. Engelbrecht **Geskiedenis,** bls. 209, en S. P. Engelbrecht, **Cachet,** bls. 210.

[50]) S. P. Engelbrecht, **Cachet,** bls. 197vv.

[51]) S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis,** bls. 211-215. G. B. A. Gerdener, **a.w.,** bls. 274.

1866. [52]) Vanaf Lydenburg het hy oor Pretoria en Potchefstroom na Hartebeestfontein gegaan om oral afskeidings te bewerk. Hoewel hy nie veel sukses gehad het te Pretoria en Potchefstroom [53]) nie, kon hy egter wel te Hartebeestfontein afskeiding bewerk. Aan die begin van Oktober 1866 het Cachet, nadat hy Potchefstroom moes verlaat, te Hartebeestfontein aangekom. By die huis van ouderling Lemmer het hy 'n byeenkoms belê, waar alleen persone toegelaat is wat hulle name op 'n lys sou teken en ook vooraf sou verklaar dat hulle die optrede van Cachet goedkeur. [54]) Nie alleen was dit vreemde optrede nie, maar ook kan die vraag gestel word watter reg Cachet gehad het om so 'n byeenkoms te belê in 'n gemeente wat 'n wettige konsulent gehad het, sonder die toestemming van die konsulent. Hier moet nog bygevoeg word dat die gemeente Hartebeestfontein organisatories tot 'n ander kerkverband behoort het as Cachet, naamlik tot die Hervormde Staatskerk.

Op die byeenkoms is allerlei beskuldigings teen die Hervormde Kerk geslinger en is dit voorgestel asof die inlywing van die gemeente Hartebeestfontein by die Hervormde Kerk op 27 Februarie 1866 onwettig was en dus van nul en gener waarde nie. [55] Dit is egter baie duidelik dat Cachet hier, netsoos 'n paar maande tevore met Lydenburg die geval was, die inlywing van Hartebeestfontein ongedaan wou maak. [56]) Dit was die doel wat Cachet voor oë gehad het en om die doel te bereik het hy hom van enige middel wat hy goed geag het, laat bedien. Te Hartebeestfontein het Cachet ook gedeeltelik in sy doel geslaag toe ongeveer 'n derde van die gemeente wel met hom saamgegaan het. Die grootste gedeelte van die gemeente het egter by die Hervormde Kerk gebly. [57])

---

[52]) S. J. Botha **Die toetrede van Lydenburg tot die Ned. Hervormde Kerkverband 1864 en die herafskeiding onder F. Lion-Cachet.** Artikel in die Hervormde Teologiese Studies, jaargang 20, afl. III en IV, bls. 173.

[53]) Te Potchefstroom het hy opdrag gekry om binne enkele ure die dorp te verlaat. Vgl. G. D. Scholtz. **a.w.**, bls. 213.

[54]) S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 225.

[55]) G. D. Scholtz, **a.w.** bls. 215.

[56]) S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 209.

[57]) S. P. Engelbrecht, **Geskiedenis**, bls. 225.